## G1 - Om God eerste te stel met ons dade

**Doel van les:**

Ons kyk na die twee paaie in die lewe wat ons kan kies. Ons gesels oor wat dit beteken om God eerste te stel met ons dade.

Lofprysing en aanbidding.

**Ysbreker: Keuses**

Kies drie areas in die saal en plak by een 'n papier met a, by die ander een 'n b en by die laaste een 'n c. Lees nou die volgende senarios. Hulle moet hardloop na die letter wat hulle voel hulle antwoord op die vraag sal wees.

Senarios:

1. Jou ma sê dis tyd vir jou om te gaan slaap. Wat gaan jy doen?
   a) Sê, "nee nie nou nie, ek is besig.
   b) Gaan slaap
   c) Jy weet nie wat om te doen nie.

2. Jy het pas klaar gespeel met speelgoed. Wat gaan jy doen?
   a) Dit net daar los en iets anders gaan doen.
   b) Jou broer of suster vra om dit vir jou weg te pak
   c) Die speelding gaan wegsit voor jy iets anders gaan doen

3. Jy kuier vir familie en vir aandete gee hulle vir jou iets waarvan jy nie hou om te eet nie. Wat doen jy?
   a) Eet die kos sonder om te kla.
   b) Stamp jou voete en stoot die bord weg.
   c) Sê dat jy die kos haat en vra vir iets anders om te eet.

4. 'n Vriend kom kuier en wil met die speelding speel waarmee jy tans speel. Wat doen jy?
   a) Hou die speelding vir jousel.
   b) Hou die speelding en vra die vriend of julle nie saam kan speel met die speelding nie.
   c) Gee die speelding vir die vriend en kies iets anders om mee te speel.

5. Dis tyd vir kerk, maar jy is nog nie aangetrek nie. Wat doen jy?
   a) Maak vinnig klaar sodat niemand laat is nie.
   b) Jok sodat jy nie hoef kerk toe te gaan nie.
   c) Nie seker wat om te doen nie.

6. Jy wil kollekte volgende Sondag kerk toe vat. Wat doen jy?
   a) Vra jou ma of pa vir iets om te gee.
   b) Kyk vir munstukke wat in die huis rondlê.
   c) Bring van jou eie geld wat jy gespaar het.

**Les Inhoud**

Ons het verlede week gesels oor hoe ons God moet die beheer gee van ons tong. Vandag gaan ons bietjie verder praat oor hoe ons God moet eerste stel met ons dade. Ander moet kan sien dat ons God eerste stel in hoe ons optree.

**Aktiwiteit:**

Gee vir elke kind 'n inkleurblaai. Hulle het 5 minute om die prentjie in te kleur so lelik en vinnig as wat hulle kan. Laat hulle vir mekaar wys hoe lyk die prentjies. Gee nou nog 'n prentjie. Hulle kry nou 5 minute om die prentjie so mooi as wat hulle kan in te kleur. Laat hulle nou die prentjies vir mekaar wys.

- Watter een dink julle sal God die meeste van hou?
- As julle een van die prentjies vir God moet gee, watter een sal julle gee?

Kom ons lees wat sê die Bybel oor ons dade. Efesiërs 4:31 sê: **Moet nooit verbitter of opvlieënd word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie.**

**God verwag** van ons om ook met ons dade Hom eerste te stel. Net soos jy nie die lelike prentjie vir God sal gee nie, kan jy ook nie lelike dinge doen en verwag dat Hy daarvan gaan hou nie. Hoe tree jy op? Sal Hy tevrede wees met hoe jy optree?

Sluit af met gebed.